

**Hoerskool Namakwaland and Another v Lid van die
Uitvoerende Raad vir Onderwys, Opleiding, Kuns en
Kultuur in die Noord-Kaapse Provinsiale Regering and
Another (1241/2001) [2003] ZANCHC 24 (21 February 2003)**

 [.PDF of original document](#)

 [.RTF of original document](#)

Verslagwaardig: Ja / Nee

Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: 1241/2001

Datum Verhoor: 2003-02-13

Datum Gelewer: 2003-02-21

In die saak van:

HOëRSKOOL NAMAKWALAND *EERSTE APPLIKANT*

DIE BEHEERLIGGAAM VAN DIE HOëRSKOOL

NAMAKWALAND *TWEEDE APPLIKANT*

en

DIE LID VAN DIE UITVOERENDE RAAD VIR *EERSTE RESPONDENT*

ONDERWYS, OPLEIDING, KUNS EN KULTUUR

IN DIE NOORD-KAAPSE PROVINSIALE REGERING

DIE DEPARTEMENTSHOOF: DEPARTEMENT *TWEEDE RESPONDENT*

VAN ONDERWYS, OPLEIDING, KUNS EN

KULTUUR VAN DIE PROVINSIE NOORD-KAAP

Coram: **MAJIEDT R**

UITSpraak :

AANSOEK OM VERLOF OM TE APPELEER

MAJIEDT R:

1. Die respondente doen aansoek om verlof om te appelleer teen die geheel van my uitspraak. Gerieflikheidshalwe sal ek in hierdie uitspraak verwys na die partye soos hulle in die hoofaansoek gefigureer het.
2. Die toets op hierdie stadium is of 'n ander hof redelikerwys tot 'n ander bevinding sal kom as dié bevinding waartoe ek gekom het tydens my uitspraak.
3. Die respondente het 'n hele aantal gronde vir hul aansoek voorgehou, maar is ek van mening dat die wesenlikste aspekte waarop verlof versoek word, die volgende is:
 1. of hierdie hof homself wanvoorgelig het deur te bevind dat ook die onsuksesvolle kandidate vir die verskillende poste 'n direkte en wesenlike belang by die beregting van die saak het en derhalwe gevoeg moes gewees het as partye;
 2. of hierdie hof gefouteer het deur té veel klem te lê op die feit dat vanweë die verkeerde advertering van die poste deur die departement, die eerste applikant se kurrikulum behoeftes vooropgestel moes word in die vulling van die poste;
 3. of hierdie hof homself wanvoorgelig het deur te bevind dat dit nie nodig is om 'n pertinente bevinding te maak aangaande die korrekte interpretasie van die bepalings vervat in art 7(1) van die Wet op Indiensneming van Opvoeders ('*die Wet*') met inagneming van die beslissing in die saak van **High School Carnarvon v MEC Education, Training, Arts & Culture of the Northern Cape Provincial Government and another [1999] 4 All SA 590 (NK)**, waarna ek verder hierin sal verwys as die "*Carnarvon-saak*".
4. Daar is na my mening hoegenaamd geen meriete in die punt *in limine* ten aansien van subparagraaf (a) hierbo waarop verlof om te appelleer versoek

word. Ek het in die saak van **Laerskool Gaffie Maree en 'n ander v LUR vir Onderwys, Kuns & Kultuur, Noord-Kaap Provinsie en andere** (saaknr. 1240/2001, ongerapporteerde en gelewer op 2 Augustus 2002) hierdie aspek in deeglike oorweging geneem en is ek die mening toegedaan dat daar geen vooruitsigte is dat 'n ander hof redelikerwys tot 'n ander bevinding sal kom as dié een waartoe ek gekom het nie.

5. 'n Aspek wat voorgehou word in die aansoek om verlof om te appelleer wat na my mening aansienlik meer substansie om die lyf het, is die vraag oor die benadering ten aansien van die eerste applikant se kurrikulum behoeftes. Aangesien die Departement van Onderwys ('*die Departement*') die vakatures verkeerd geadverteer het, het 'n magdom van applikante aansoek gedoen vir die vakante poste. Gemeet aan die oorspronklike versoek wat die eerste applikant deurgegee het aan die departement van onderwys, het die oorgrote meerderheid van hierdie applikante nie gekwalifiseer vir die poste nie omdat hulle nie die nodige vakke aangebied het nie. My bevinding in die uitspraak was dat die tweede applikant geregtig was om te reageer op die advies wat hulle gemeensaaklik van die departementale amptenare ontvang het om, vanweë hierdie oorsig aan die kant van die Departement ten aansien van die advertering van die vakatures, die skool se kurrikulum behoeftes voor op te stel. Die vraag wat derhalwe ontstaan is die volgende: *Is daar redelikerwys 'n moontlikheid dat 'n ander hof mag bevind dat ek in my uitspraak te veel klem gelê het daarop dat die tweede applikant genoodsaak was om die eerste applikant se kurrikulum behoeftes voor op te stel en sodoende die kwessie van transformasie op die agtergrond te skuif?* Ek het dié aspek sorgvuldig oorweeg en het tot die slotsom gekom dat daar op die feite in hierdie saak nie so 'n redelike moontlikheid bestaan nie. Per slot van sake moet onthou word dat die skool se kurrikulum behoeftes *per se* nie die enigste oorweging in die proses van sifting, kortlysting, onderhoudvoering en keuring was deur die tweede applikant en sy subkomitees nie. Daar was 'n hele aantal voorvereistes waaraan voldoen moes word, welke voorvereistes voorgeskryf word in die sogenaamde *Personnel Administration*

Measures. Op die stukke meen ek dat dit oorvloediglik bewese is dat die applikante wel daardie vereistes nagekom het. Ek is derhalwe van mening dat daar nie meriete is in hierdie grond van appél nie.

6. Alvorens ek handel met aspek (c) hierbo, is dit nodig om te verwys na 'n submitisie wat mnr Danzfuss namens die respondente gemaak het tydens die aansoek om verlof om te appelleer en wel die benadering by 'n saak soos hierdie waar dit gaan om die hersiening van 'n besluitnemer (die tweede respondent) se besluit. Aldus mnr Danzfuss se submitties het hierdie hof homself wanvoorgelig deur die aansoek te beoordeel aan die hand van die wyse waarop tweede applikant sy besluit geneem het en dan te probeer vasstel of tweede applikant se besluit gegrond is. Só 'n benadering kom, volgens hom, daarop neer dat tweede applikant se besluit hersien moet word, terwyl dit inderdaad die respondent se besluit is wat op hersiening geneem word. Volgens hom was die korrekte benadering om te oordeel of die tweede respondent se besluit om nie die aanbevelings van die tweede applikant te implementeer onreëlmstig en derhalwe hersienbaar is. Hierdie is na my mening 'n sirkelargument. Wanneer die bepaling van art 6 van die Wet onder beskouing geneem word, dan is dit duidelik dat die tweede respondent statutêr verplig word om 'n oordeel te vel oor die prosedure wat gevolg word deur die tweede applikant. Daardie betrokke wetsbepaling vereis dat hy 'n oordeel moet vel of die beheerliggaam, soos die tweede applikant hierin, korrek die statutêre voorgeskrewe prosedures nagekom het. Slegs indien die tweede respondent van oordeel is dat die tweede applikant versuim het om die voorgeskrewe statutêre prosedures na te kom, is die tweede respondent geoorloof om te weier om 'n aanbeveling ten aansien van vulling van 'n vakante pos te implementeer. Sodoende word op hersiening nagegaan deur 'n hof of die tweede respondent in die uitoefening van sy diskresie ingevolge art 6 se bepaling, die tweede respondent geregverdig was om die besluit te neem wat hy wel gedoen het. Die tweede respondent se optrede kan nie op hersiening in isolasie beoordeel word nie – dit hang tog uiteindelik saam en is nou verweef met die optrede van die tweede applikant as beheerliggaam. Ek is derhalwe van

mening dat die benadering toegepas in die uitspraak die korrekte een is op hierdie aspek.

7. Wat betref die interpretasie van art 7(1) van die Wet en die **Carnarvon**-saak, het ek tot die bevinding gekom dat dit nie nodig is om te bevind of Alkema WnR tot 'n korrekte bevinding gekom het in die **Carnarvon**-saak nie, aangesien dit nodig was op die feite om so 'n beslissing te maak nie. Ek het weliswaar my bedenkinge in 'n *obiter dictum* uitgespreek oor Alkema WnR se uitspraak, maar neem dit die aspek nie verder nie. Die vraag wat derhalwe ontstaan is of ek myself wanvoorgelig het deur te bevind dat die feite in hierdie saak sodanig is dat dit nie nodig is om 'n oordeel te vel oor die korrekte interpretasie van art 7(1) van die Wet nie. Ek was aanvanklik die ferm *prima facie*-mening toegedaan dat ek behoort verlof te verleen om te appelleer aan die respondente bloot op hierdie grond alleen. Hierdie aspek is van besonder groot belang vir beheerliggame regdeur hierdie Provinsie en natuurlik ook vir die Departement self. Ek is meegedeel vanaf die Balie en is inderdaad bewus daarvan dat daar 'n hele aantal van hierdie aansoeke is wat óf voor die hof hangend is óf wat nog aanhangig gemaak gaan word aangaande hierdie aspek. Dit is verder ook so dat daar in ten minste een ander saak waarvan ek bewus is, naamlik die beslissing van **Settlers Agricultural High School and another v Head of Department, Department of Education, Limpopo Province and Others** (ongerapporteerde, saakno. 16395/02 in die Transvaalse Provinsiale Afdeling) Bertelsman R, by implikasie met goedkeuring verwys het na Alkema WnR se beslissing in die **Carnarvon**-saak. Ek het die aangeleentheid sorgvuldig oorweeg en is ek tevrede dat die feite in hierdie saak dit nie nodig maak om 'n bevinding op die regsaspek soos voormeld te maak nie. Dit sou na my mening 'n akademiese oefening wees, aangesien die respondente hoegenaamd nie aangedui het op die stukke hierin nie dat daar ander gekwalifiseerde kandidate was wat transformasie sou bevorder mits hulle in die poste waarin Mev Briel en Mej Van Jaarsveld aanbeveel was, aangestel sou gewees het nie. Die futiliteit daarvan om die Hoogste Hof van Appél of 'n Volbank van hierdie Afdeling te belas met 'n appél

wat eintlik maar akademies van aard sal wees, is welbekend. Ek is derhalwe die mening toegedaan dat, ook op hierdie grond, daar nie meriete in die aansoek om verlof om te appelleer is nie.

1. 'n Laaste aspek wat ek aan oorweging moet skenk is die kwessie van die koste van die aansoek ingevolge die bepalings vervat in reël 49(11) van 17 Januarie 2003, welke koste oorgestaan het vir latere beregting by die aanhoor van hierdie aansoek om verlof om te appelleer.
2. Die applikante het op daardie datum 'n dringende aansoek gebring dat my bevel in die hoofaansoek geïmplementeer word, nieteenstaande die feit dat die respondente 'n kennisgewing van 'n aansoek om verlof om te appelleer geliasseer het by hierdie hof. Ek het daardie aansoek van die hand gewys en aangedui dat redes later sou volg. Die koste, soos ek aangedui het, het oorgestaan vir latere beregting.
3. As algemene vertrekpunt geld die benadering dat koste gewoonlik die uitslag volg. Sien: **Fripp v Gibbon & Co. 1913 AD 354.**
4. 'n Suksesvolle party sal slegs in hoogs uitsonderlike omstandighede van sy koste ontnem word. Daardie omstandighede is na my mening nie aanwesig in hierdie saak nie.
5. In die uitoefening van my diskresie ten aansien van koste neem ek as 'n belangrike faktor in ag die wyse waarop die applikante gehandel het met hierdie Reël 49(11)-aansoek. Soos ek gemeld het, is die aansoek op 'n dringende basis gebring en het die respondente slegs een hofdag tot hul beskikking gehad om opponerende eedsverklarings in te dien in daardie betrokke aansoek. Daar was sekere briefwisseling tussen die respondente se plaaslike prokureur en 'n prokureur *Van Zyl* wat toe die waarnemende voorsitter van die tweede applikant was. Uit daardie briefwisseling het dit


duidelik geword dat die applikante reeds so vroeg as 17 Desember 2002 bewus was van die respondente se aansoek om verlof om te appelleer. Op 20 Desember 2002 het die applikante aangedui dat hulle 'n aansoek gaan rig na hierdie hof ingevolge Reël 49(11). 'n Verdere kompliserende faktor is dat die aansoek ingevolge Reël 49(11) apart afgehandel moes word van hierdie aansoek om verlof om te appelleer, wat natuurlik noodwendig 'n duplisering van koste meegebring het. Hierdie optrede van die applikante is 'n verdere rede waarom ek meen dat dit onbillik en onredelik sou wees indien die koste van die Reël 49(11)-aansoek nie die uitslag daarvan sou volg nie. Bygevolg is ek van mening dat ek behoort te gelas dat die applikante die koste van daardie aansoek behoort te betaal.

9. Ek maak gevolglik die volgende bevel:

1. **Die respondente se aansoek om verlof om te appelleer teen die geheel van my uitspraak word afgewys met koste.**
2. **Die applikante word gelas om gesamentlik en afsonderlik die koste van die aansoek ingevolge Reël 49(11) wat hulle gebring het op 17 Januarie 2003 te betaal.**

SA MAJIEDT

REGTER



ADVOKAAT NAMENS APPLIKANTE : ADVOKAAT JI DU TOIT

ADVOKAAT NAMENS RESPONDENT : ADVOKAAT FWA DANZFUSS

PROKUREUR VIR APPLIKANTE : VAN DE WALL & VENNOTE

PROKUREUR VIR RESPONDENTE : HAARHOFFS ING.

DATUM VAN VERHOOR : 2003-02-14

DATUM VAN UITSPRAAK : 2003-02-21
